# Globale Inligting
# Opklaring van bo



deur Sendeling
Ewald Frank

# Globale Inligting

## OPKLARING VAN BO

***"… Ja, van ewigheid tot ewigheid is U God"*** (Ps. 90:2b)

***"… die Woord van onse God hou stand in ewigheid"*** (Jes. 40:8)

***"… dit is die Woord wat aan julle verkondig is"*** (IPet. 1:25)

### Die hele wêreld kyk na Rome

April 2005 het vir ons twee opeenvolgende gebeurtenisse in die hoofstad van die wêreld, Rome, gelewer. Pous Johannes Paulus II, het gegaan en Benedictus XVI het gekom, verkies met 100 van die 115 stemme. Die internasionale pers, en selfs die massamedia het heeldag volle programme gevul met verslae daaroor.

Daar was twee aard-skuddende gebeure in die Vatikaan, wat buitengewone geskiedenis gemaak het. Die hele wêreld kon sien hoedat staatshoofde en verteenwoordigers van godsdienste, in die eerste plek, eerbiedig afskeid van die een Pous neem. Daarna het miljoene regoor die wêreld gesien hoe die wêreld se hoofde buig voor die nuwe pous en die kardinale en biskoppe hul knieë voor hom buig en alle tonge aan hom trou belowe en hul toewyding aan hom bring. Ook met die inhuldiging van die nuwe pous was die hele wêreld in staat om dit "live" te beleef, te danke aan moderne tegnologie. Daarmee het die vraag weer opgekom, of die pousdom bybels gegrond is en of dit net oor 'n kerklike tradisie handel.

Die "millennium gebeurtenis" — soos nuus-opskrifte gelees het — was ‘n herinnering oor wat sal gebeur wanneer Christus die HERE, die heerskappy as koning gaan opneem. Eers dan sal vervul word: *"... sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Jesus Christus die HERE is tot heerlikheid van God die Vader"* (Fil. 2:11 ; Heb. 1: 6-14; Openb. 11:15, o.a.). Hoe is dit moontlik, vra sommige mense, dat so 'n goddelike verering en verheerliking 'n mens te beurt val? Volgens die getuienis van die Skrif, is daar net Een wat waardig is om alle eer te ontvang: *"U is waardig, o HERE, om te ontvang die heerlikheid en die eer en die krag, want U het alles geskape en deur u wil bestaan hulle en is hulle geskape ... "* (Openb. 4:11).

Profete het die groot dag van die oorname deur Hom aan wie alle mag in die hemel en op aarde gegee is, vooruitgespreek:

*"... Want die koninkryk behoort aan die HERE, en Hy heers oor die nasies. Al die grotes van die aarde sal eet en aanbid; almal wat in die stof neerdaal, sal voor sy aangesig kniel ..."* (Ps. 22: 29-30).

*"Kom, laat ons aanbid en neerbuk; laat ons kniel voor die HERE wat ons gemaak het. Want Hy is onse God ..."* (Ps. 95: 6-7).

*"dat voor My elke knie sal neerbuig, by My elke tong sal sweer"* (Jes. 45:23).

Dan sal die koninkryk van God, die koms waarvan ons al vir tweeduisend jaar bid, uiteindelik daar wees, met die seëning-volle paradys toestand.

Wat in die Vatikaan op 24 April, 2005, gebeur het, oortref alles in huldiging, in heerlikheid, prag en praal. Sommige kommentators het die luisterryke inhuldiging van die pous selfs vergelyk met die eenvoudige ingang van die Koning van die konings, die Messias, wie op die vul van 'n esel Jerusalem binne gegaan het. Christus die HERE het nie gekom met groot prag nie, het nie na Rome gekom nie, Hy het in eenvoud en nederigheid na Sy volk gekom in Jerusalem, die stad wat God gekies het. Dit was net die eenvoudige skare wat die palmtakke gegooi het op die pad, en die kinders wat "Hosanna" geskree het, soos in Sagaria 9, vers 9 aangekondig en in Matthéüs 21, verse 1-11 gebeur het. Die gerespekteerde geestelikes van die Jode het Hom nie aanvaar nie. Die Skrifgeleerdes het voortgegaan om hul bedieninge te beoefen, hulself te vier en om gevier te word. Maar hulle wie Hom aangeneem het, het die mag bekom om "kinders van God" genoem te word, naamlik almal wat in Sy naam glo (Joh. 1:12).

Kan dit Sy dienskneg wees, vir wie die hele wêreld nou juig en voor wie al die magtige mense van die aarde neerbuig? Is dit regtig Sy gevolmagtigde, aan wie almal die uitsonderlike hulde betoon? Sommige vra: Wat van die Woord, waar die HERE God self sê: *"EK is die HERE, dit is my Naam; en my eer sal Ek aan geen ander gee, of ook my lof aan die gesnede beelde nie"* (Jes. 42:8). God was nog nooit verheerlik op die aarde in 'n mens nie, maar alleen en uitsluitlik in Sy menswording in Jesus Christus, Sy eniggebore Seun, wat gesê het van Homself in Johannes 5, verse 41-44: *"Eer neem Ek van die mense nie aan nie. Maar Ek ken julle, dat julle die liefde van God in julle nie het nie. Ek het gekom in die Naam van my Vader, en julle neem My nie aan nie. As 'n ander een*

*in sy eie naam kom, hóm sal julle aanneem"*. Toe sê die HERE van die Heerlikheid: *"Hoe kan julle glo wat van mekaar eer aanneem, en die eer wat van die enige God kom, soek julle nie?".* Die groot vraag is: Wat is waaragtige bybelse geloof en wat is onskriftuurlike tradisies?

Die ganse mensdom word gekonfronteer met die vraag: Is die Rooms-Katolieke Kerk die ware saligmaker? Is redding alleen in haar? Kan slegs hulle wat die kerk as moeder het, God as Vader het? As dit so was, dan sal al die ander, dws insluitende die 347 kerk-genootskappe wat tans verenig is in die Wêreldraad van Kerke, vir ewig hopeloos verlore wees, wat hul lede mislei het, deur hulle die saligheid te belowe wat hulle nie kon oordra nie.

Kan ‘n kerk in die Midde-Ooste aanspraak maak daarop om "die Gemeente" van Jesus Christus te wees? Kan dit die Grieks-Ortodokse, die Maroniete, Siriese, Egiptiese, Koptiese, ens., wees? Is hulle nie almal staats- en nasionale kerke, waarin almal gebore is nie? Kan die Anglikaanse, die Skotse, die Calvinistiese, Lutherse of enige ander werklik die oorspronklike Gemeente van die lewende God wees? Kan die samevoeging in die Wêreldraad van Kerke dit wees waarin die ganse mensdom redding vind?

Ons staan voor baie vrae wat niemand van ons kan beantwoord nie. Maar almal het die reg op die enigste korrekte antwoord — naamlik die antwoord van bo. Godsdienstige skrywers het dit gewaag om te vra: Is die man wat in die pousdom is, die verpersoonliking van die een wat homself verhef bo alles met betrekking tot God of godsaanbidding, soos in 2 Thessalonicense 2 beskryf word, wie in die plek van God sit en voorgee dat hy God is? Moeilik om te glo, maar bybelkenners vra verder: Is dit die superman van die eindtyd, wanneer die hele wêreld sal opkyk, van wie die hervormer, Martin Luther, gevra het: "sit die ware antichris in die tempel van God en regeer vanaf Rome"? Is dit al die antichris, wat die apostel Johannes (IJoh. 2) aangekondig het, wat die wêreldtoneel sal betree voor die koms van Christus? Kan dit dié liefdevolle persoon wees? Is dit sy amp wat beskryf word? Skerp tonge vra selfs: Is dit die man van wie in Openbaring 13, vers 8, geskryf staan: *"En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie"?* Nog ander vra: Kom die titel "Heilige Vader" nie alleen God toe nie? SO SPREEK ONSE HERE: *"En julle moet niemand op die aarde julle vader noem nie, want een is julle Vader"* (Matt. 23:9). So word ons ook in die "Onse Vader" geleer: *“Só moet julle dan bid:*


*Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom ...".*

Bybelkundiges vra of ons beide 'n Vader in die Hemel én ook 'n “Heilige Vader” nodig om ons op aarde te verteenwoordig? Wie se koninkryk moet kom? Wat het Johannes die Doper aangekondig met sy eerste preek in die woestyn van Judea, met sy uiting: *"Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom"* (Matt. 3:2)? Watter koninkryk het Jesus, die Nasaréner, bedoel met dieselfde woorde in Sy eerste preek (Matt. 4:17)? Het Hy na die kerk in die Romeinse Ryk verwys, of het hy die vervulling van Lukas 16:16 aangedui: *"Die wet en die profete was tot op Johannes; van toe af word die evangelie van die koninkryk van God verkondig, en elkeen dring daarin met geweld".*

Die onderwerp is so belangrik; dit kan nie eenvoudig net van die tafel gevee of weg verduidelik kan word nie. Niemand wat opreg soek, kan sedert April 2005 hul eie agenda uitvoer nie. Die bybelse beoordeling van die Kerk van Rome kan ook help om hul eie kerke te verhelder. Wat is ons persoonlike les hieruit?

Ander weer, het die eindtydgebeure, die "eskatologie", in gedagte gehad toe hulle die prente van die in-pers-gekleede hooggeplaastes en die magtiges van die aarde gesien het, van wie daar geskrywe is: *"en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge …"* (Openb. 6: 15-17). Die oomblik wanneer die apokaliptiese oordele val, sal niemand gespaar word nie, ook nie die hooggeplaastes en die magtiges van die aarde nie.

Die baie artikels wat veral deur godsdienstig-georiënteerde joernaliste geskryf is met verwysing na die groot gebeurtenis, het meer vrae as antwoorde gelaat. Sommige mense wou selfs weet of dit by hierdie groot gebeurtenis in die "Ewige Stad" oor die stad gaan waarvan Openbaring 18, vers 16 praat, waarteen die bedreiging uitgeroep is: *"Wee, wee die groot stad wat bekleed was met fyn linne en purper en skarlaken en versierd met goud en edelgesteente en pêrels ...".* Hulle wat die purpergekleedes op TV of in die weekblaaie gesien het, vind die vergelyking met die skrifgedeeltes in Openbaring, nie vergesôg nie.



Op 26 April, 2005, het Pous Benedictus XVI met die verteenwoordigers van alle godsdienste gepraat en geëindig met die woorde: "Met die begin van my pontifikasie, nooi ek u almal uit, die getroues in die natuurgodsdienste en almal wat die waarheid soek met opregte harte, dat ons almal saam bouers van vrede word en ons verbind om mekaar te verstaan, te respekteer en lief te hê".

Gaan dit in hierdie veelsydigheid oor bybelse geloof? Gaan dit in hierdie soeke na die waarheid regtig om goddelike waarheid, soos uitgedruk in die Petrus-woord: *"En dit is die woord wat aan julle verkondig is"* (IPet. 1:25[b])? Of gaan dit om iets anders waarna verwys word as "waarheid" — 'n heeltemal ander evangelie as wat die apostel Paulus verkondig het, naamlik dit wat met die vloek toegesê is (Gal. 1: 1-10)? Paulus het selfs toe al vooruitgesien hoe dat ‘n ander evangelie, 'n ander Christus, onder die invloed van 'n ander gees verkondig sal word (IIKor. 11: 3-4).

Op 12 Mei, 2005, het Benedictus XVI die diplomatieke verteenwoordigers van 174 lande ontvang. Die diplomatieke korps het hom begroet met 'n buitengewone applous, voordat hy hulle toegespreek het. En weer was daar skerp tonge wat Openbaring 17:18 aangehaal het: *"die groot stad wat heerskappy voer oor die konings van die aarde"* Dit word benadruk dat die Pous beide hoof van die kerk en die hoof van die staat is.

So, is die Vatikaan toegang tot die diplomatieke en die godsdienstige vlak gewaarborg in alle lande, soos geen ander regering op aarde, geen kerk, geen godsdiens nie. Die Vatikaan is oral verteenwoordig waar die wêreldpolitiek bedryf word. Slegs op hierdie wyse kan die werklike globalisering en die beplande vereniging van die "internasionale gemeenskap van nasies", wat inderdaad bestaan uit wêreldgodsdienste, gelei word tot 'n werklike eenheid, 'n "wêreld regering".

In 'n hoofartikel van 'n bekende koerant was dit gevra: "Protestante, wat nou?". Aan die einde, onder die derde punt, staan: "Terug na die bronne! As protestantisme nie na sy bronne — die Bybel en die Belydenis — terugkeer nie, sal hy vergaan". Maar selfs met die Protestante gaan dit nie meer oor "Sola Scriptura" (“Alleenlik die Skrif”), soos die hervormers dit beklemtoon het nie, maar oor hereniging. Dit moet gevra word of hierdie die eenheid is wat Jesus Christus in die hoëpriesterlike gebed in Johannes 17, vers 21, bepleit het. Dit kan egter slegs van toepassing wees op diegene wat aan die werklike Gemeente van Jesus Christus behoort, *"soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees"*.

Pous Benedictus XVI het die gelowiges in alle godsdienste beskryf as dissipels wat ywerig na vrede soek. Vir sommige is opmerklik, die feit dat hy nie die Jode noem nie, en ook dat hy die Islamitiese geloof veral beklemtoon het. Hy het egter benadruk dat die brug van vriendskap gebou moet word en dat hy die eenwording en vredes-proses van sy voorgangers sal voortsit. Alle wêreldgodsdienste moet hulle dus onderwerp, want dit gaan om oorlewing en al die lande moet aan die Wêreldhandelsorganisasie (WTO) behoort, om te kan koop en verkoop.



Dit gaan nou om die vooruitgespreekte konstellasie vir die nuwe en finale wêreldorde. Geen ander godsdiens het terselfdertyd ook mag oor die politieke en ekonomiese wêreld nie. Die "Europese Unie" neem meer en meer die leiersrol aan, ongeag daarvan of 'n referendum oor die "Europese grondwet" in die 25 basis-state gehou word of nie. Want die geestelike mag oorheers die wêreldmag en hou die leisels in hul hande (Openbaring 17).

Sommige wonder of dit vryheid van geloof en -spraak gaan beperk, vir diegene wat nie sal buig voor hierdie eenwordingsproses nie en of hulle onderwerp sal word aan vervolging. Dit gaan veral die werklik getroue bybelgelowiges raak, wat nie by die ekumeniese beweging sal aansluit nie, omdat hulle onmoontlik 'n kompromie, ten koste van die waarheid sal betree. Hulle sal eerder God gehoorsaam dan ‘n mens.

Toe word die gedagte uitgedruk dat Benedictus XVI, die $265^{ste}$ pous, net tydelik in die amp sal wees. Die vrede-pous, "Gloria Olivea", moet in die amp wees wanneer “vrede” geskep word tussen die Arabiere en die Jode. So, na hom kom daar nog net een, “Petrus, die Romein”, wie weer die “Tiara” sal opsit met die VICARIUS FILII DEI inskripsie, met die getal-waarde van 666 (Openb. 18:13). In die "Nasionale Basiliek van die Onbevlekte" in Washington is die tiara van Paulus VI ‘n toeriste-aantrekking en ‘n groot bron van inkomste. Met die eindtyd-gebeure, sal die $266^{ste}$ die laaste pous wees, tot die vernietiging van Rome vervul word. Maar dit word voorafgegaan deur die proklamasie: *"Nou is daar vrede en veiligheid!"* (IThes. 5: 1-3 —Menge vert.). Die wêreldvredes-proses sal binnekort met ‘n kompromie oor Jerusalem tussen Israel en die Arabiese volke, deur 'n Roomse verdrag tot sukses gelei word. Soos die Oslo-verdrag voorsiening maak, sal dit vir sewe jaar gesluit word.

Pous Johannes XXIII, het die Tweede Vatikaanse Raad op 11 Ok-tober, 1962, voor 2,500 deelnemers geopen, met die leuse van die inisi-eerder, die Duitse kardinaal Bea: "Laat ons die taal praat van ons ges-keide broeders dat hulle ons mooi kan verstaan!" En hulle hét mooi verstaan! Dit was ook op Pous Johannes XXIII se aandrang dat die vloek-segging “die Jode het Christus doodgemaak”, uit die Goeie Vrydag-mis ver-wyder was. Pous Johannes Paulus II het al die hooftale gepraat, o.a., die van die Slawiese Kommuniste, en almal het hom verstaan. Pous Benedictus XVI praat ook al die hooftale vlot, selfs Hebreeus, en almal sal hom verstaan.



Op Donderdag, 24 Mei, 2005, het die ambassade van Israel in Rome, geleë naby die 'Heilige Stoel', aangekondig dat 'n addisionele aandenkingsseël in Israel gedruk sal word, ter nagedagtenis van die 85^ste verjaarsdag van Pous Johannes Paulus II op 18 Mei, met sy portret by die Klaagmuur — wat ook onmiddelik gebeur het. Die bewus-making in alle tale met al die volkere en godsdienste, kring al hoe verder uit, ook met Israel.

Op 13 Mei, 2005, het Pous Benedictus XVI die aartsbiskop van San Francisco, VSA, William Joseph Levada, aangestel in sy plek as prefek van die geloofsgemeente. Volgens binnekringe, kan hy die volgende pous wees. Mnr. Levada, saam met kardinaal Ratzinger, het vanaf 1986 tot 1993, die nuwe Katolieke Kategismus geskryf — 'n suksesvolle meesterstuk om die Rooms-Katolieke geloof aanvaarbaar te maak. Dit moet egter gesê word dat die kategismus in vergelyking met die Woord van God, wat in ewigheid bly, nie die bybelse geloof van die Gemeente van Jesus Christus in onderrig en beoefening reflekteer nie, maar dié van die Kerk van Rome, selfs al bevat dit gedeeltes uit die Bybel.

Sou dit gebeur dat Mnr. William Joseph Levada die volgende pous word, dan sal dit vervul wat die man van God, William Branham van die VSA, gesê het op 19 Desember, 1954: **"Ek glo dat een van hierdie glorieryke dae, wanneer die kerke in die Wêreldraad van Kerke verenig en die nuwe pous, volgens die profesie, vanuit die Verenigde State kom, dan is die beeld van die dier gevorm. En ek sê vir julle, dan sal die ware Gemeente van God bymekaar gebring word, alle ware gelowiges vanuit Metodiste, Baptiste, Presbiteriaane, Pinkster-kerke, Nazereners, 'Pilgrim Holiness', ens — wat hulle ookal mag wees, sal saam kom en in die liefde van God gevestig word. Daarmee word die liggaam van Christus, uit al die gelowiges gevorm".**

Pous Benedictus XVI het sy respek vir ander godsdienste en kulture uitgedruk — maar beslis met die onmiskenbare doelwit om almal onder die vaandel van Rome bymekaar te bring. Hy herinner daaraan dat Europa na die "Christelike wortels" terug moet gaan. Daar moet toegelaat word om te kan vra, of daarmee bedoel word die dwang-kerstening, wat gepaard gegaan het met dwang-doop, wat onder Karl die Grote se bewind gepiek het. In daardie tydperk, is die Europese grond deurdrenk met bloed, veral deur die slagting van 4,500 opstandige Sakse in die jaar 782. Dit bring ook die vraag op, oor watter saad wortelgeskiet het. Was dit die saad van die Woord van die ware evangelie van Jesus Christus, soos dit deur Petrus en die apostels verkondig is, of was dit dié van die skrif-interpretasies van die kerkvaders na die tydperk van die apostels?

Alle kerke en godsdienste, selfs die pousdom, het die reg om hul geloof te beoefen, maar wanneer hulle hulself op Christus beroep, dan moet hulle getoets word aan die Woord van God. Slegs op so 'n manier kan daar onfeilbaar vasgestel word, of dit wat onderrig en beoefen word, waarlik bybels is, of net menslike, godsdienstige tradisies en oorleweringe, waarin ons almal gebore en opgelei is.

In die boek van Kardinaal Joseph Ratzinger, die huidige Pous Benedictus XVI, "Inleiding tot die Christendom", gee hy in die 340 bladsye 'n algemene daarlegging vanuit 'n Katolieke oogpunt. Maar ons is besorg oor die inleiding tot die Verlossingsplan, vanuit 'n goddelike oogpunt. Die begrip "Christendom" verskyn eintlik nie 'n enkele keer in die Bybel nie. Ons lees net dat wie in Jesus Christus geglo het in Antiochië, vir die eerste keer Christene genoem was (Hand. 11:26). Die woord "Christus" beteken "die Gesalfde" en die gelowiges wat met die Gees gesalf is, word met die Gees gedoop (Matt. 3:11; Handelinge 2, onder andere) — dus is “Christene”, die “gesalfdes” (IIKor. 1: 21-22).

## Die Geskiedenis leef voort

Nou, 'n blik op die geskiedenis: 482 jaar gelede, op 19 November, 1523, was die laaste keer dat 'n Duitse pous gekies was, nl Clement VII. Dit was die tyd van die Reformasie. Op 31 Oktober, 1517, het die Duitse monnik, Martin Luther, sy 95 stellinge aan die kasteelkerk in Wittenberg vasgenael. En wie die moeite doen om dit noukeurig deur te lees, kom tot die slotsom dat hy elke keer die spyker op die kop geslaan het. In 1518 weier Martin Luther om sy stellings te herroep, en publiseer in 1520 sy belangrikste hervormings-geskrifte. Op 3 Januarie, 1521, word hy deur die pous verban. In 1522 verskyn die Nuwe Testament, soos deur Martin Luther vertaal was. Terselfdertyd, ook in 1522, word die Switserse teoloog, Huldrych Zwingli, se hervormings-geskrifte gepubliseer.

Die deurbraak van die Hervorming het tot gevolg gehad dat Duitsland, Europa en die Christelike wêreld in twee kampe verdeel was. Die Katolieke Kerk, was nie instaat om te hervorm nie, terwyl die protestantse kerke die weg gebaan het vir ander herlewings wat selfs tot vandag nog voortgaan, hoofsaaklik in die onafhanklike kerkgenootskappe. Ongelukkig het die Protestantse kerke die belangrikste, maar onbybelse leerstellinge oor die ‘Drie-eenheid’ en die ‘drie-enige’ doop, van die Kerk van Rome, voortgesit. Dit is maar nou eers, dat die Pinksterherlewingsdeurbraak terug na die vroeë gemeentesstand plaasvind, soos die spesiale bediening van William Branham, wat bonatuurlik deur God bevestig is, duidelik gemaak het.

Kom ons slaan ‘n paar eeue oor, en kom tot by tyd van die politieke verdeeldheid tussen Oos en Wes. Na die Tweede Wêreldoorlog was Duitsland, die Europese vasteland en die hele wêreld, verdeeld. Baie van die oorlogsgeslag het die pyn en die gevolge van die verdeling erg gevoel. Maar ons het ook gesien hoedat die politieke verdeeldheid tot 'n einde gekom het, toe die Brandenburgpoort in Berlyn op 9 November, 1989, geopen was. Dit het gevolg op demonstrasies van die Rooms-Katolieke unie Solidariteit van Lech Walesa in die Gdansk-werf in Poland, wat geborg was deur die Vatikaan met miljoene dollars, soos Bernhard Eibisberger skryf in die besigheidstydskrif “Wirtschaftsnachrichten”, se 1/2005 uitgawe. Die Protestantse “Maandag-Demonstrasies” in die Oos-Duitse stede was toe uiteindelik beslissend.

Nou ervaar ons hoe die godsdienstige verdeeldheid ook ná die politieke verdeeldheid, oorwin word. Almal weet dat dit Pous Johannes Paulus II was wat, soos hulle sê, deur “die voorsiening” wêreldkommunisme omvêr gewerp het en, soos Lech Walesa gesê het, "die tande van die Russiese beer uitgeslaan het". Pous Benedictus XVI het nie meer veel om te doen nie, om al die dogterkerke terug te bring na die boesem van die Moederkerk. Eintlik kyk al die godsdienste van die wêreld nie net na Rome nie, maar na die wêreldgemeenskap van nasies, waarin alle kulture en gelowe aansluiting vind. Net soos politieke verdeeldheid oorkom was, sal godsdienstige verdeeldheid ook oorkom word. Niemand dink meer daaraan dat Pous Benedictus XV, so onlangs soos in 1915, die protestantse kansels “plaagswere” genoem het. Nou is daar eenheid in diversiteit en diversiteit in eenheid.

Dit was 'n Duitse hervormer, deur wie die vrye verkondiging aan die mense gebring is en die Woord van God weer in die hande en harte van die mensdom geplaas is. Nou is dit weer 'n Duitser wat al die kerke wat uit die Reformasie ontstaan het, weer in die boesem van die Kerk van Rome wil intrek, sodat, soos hy gesê het by sy inhuldiging op 24 April, 2005, daar "een herder en een kudde" kan wees. Maar daar is ook mense, wie se gewete vermaan en beveel dat 'n "komitee van ondersoek" in die lewe geroep moet word. Daar moet, solank as wat daar vryheid van spraak is, toegelaat word om te bevraagteken, of dit 'n bybelse ontwikkeling in die loop van die kerkgeskiedenis was, en of daar sedert die 3de eeu 'n heeltemal onbybelse tradisie begin het en steeds voortgaan. Weer vra skerp tonge, of die in-purper-gekleede geestelikes, die verteenwoordigers van die moederkerk is, wat beskryf word as "groot Babilon" (Openb. 17: 1-6). Sy is nie die moeder van die seuns en dogters van God nie, maar die moeder van die dogterkerke.

Maar wie vra vandag opreg soos Pilatus: *"Wat is waarheid?",* en is bereid, om te luister na die doring-gekroonde — en wie deur die godsdienstige wêreld bespot was — wie gesê het: *"Hiervoor is Ek gebore en hiervoor het Ek in die wêreld gekom, om vir die waarheid te getuig. Elkeen wat uit die waarheid is, luister na my stem"* (Joh. 18:37)? Op daardie tydstip was Jesus gegésel, geslaan, en in purper geklee en 'n bespotting gemaak met 'n kroon van dorings. Al die purper-gekledes in Rome, word gekroon met waardigheid. Met die brandende vraag: "Wat is waarheid?", gaan dit nie oor godsdienstige waarheid, nie oor kerklike waarheid, nie Joodse waarheid, nie Christelike waarheid nie, maar oor die enigste Waarheid: die Woord van God, wat ewig bly! Ons moet opreg soek na die enigste weg wat werklik na die lewe lei, en daarvoor nodig ons die "een" wegbeskrywing, wat ons die bybelse weg wys. In die volksmond lui die ou gesegde: "Baie weë lei na Rome, maar net een lei daaruit". Dit gaan, in werklikheid daarom, om te wees of om nie te wees nie — om die ewige lewe te hê, of nie! Wat is die waarheid? Wat is misleiding? Daar is net een wat van Homself kan sê: *"Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie"* (Joh. 14:6). Hierdie stelling van onse HERE is in teenstelling met die bewering: "Slegs diegene wat die Kerk as Moeder het, kan God het as Vader".

Die waardigheid van die pous, of die Katolieke kerk, óf die van enige ander kerke en gelowe, moet geensins aangetas word nie. Die punt is egter, dat ons aangeraai word, om ons aandag op die Heilige Skrif te rig, met elke tema betreffende die Gemeente van Jesus Christus. Dit is tog waaarom ons 'n diep kyk moet gee na die kerkgeskiedenis.

In die algemeen is die wêreld verdeel in twaalf hoofgodsdienste, wie se verteenwoordigers opgeroep was van pous Johannes Paulus II op 24 Januarie, 2002, na die pelgrimsplek in Assisi, Italië. Die beroemde ses is: Judaïsme, Christendom, Islam, Taoïsme, Buddhisme, Hindoeïsme. Dan is daar die baie natuurlike- en stam godsdienste. Menswaardigheid, ongeag ras of godsdiens, is onaantasbaar. Enigiemand kan vrylik besluit vir hulself. Dit is ook te verstane, dat alle mense op aarde vir hulself oortuig het van hul godsdiens en geloof. Maar daarmee is niemand eintlik die sekerheid gegee dat dit reg is nie. Ons moet die hele saak van bo bekyk. Net wat van God af kom, lei ook tot Hom. As 'n sendeling, het ek al meer as 40 jaar, elke maand in meer as 130 lande onderrigsreise onderneem en het daardeur eerstehandse kennis van die onderskeie plaaslike godsdienste.

Met *elke* godsdiens ontbreek die finaliteit, die ware absoluut, wat die seël van God dra. Ons nodig iets wat bo alle twyfel en bo alle menslike begrip staan en van God bevestig word. Die baie godsdienste het die tydelike versorging van siele hul eie gemaak, selfs al praat hulle van die hiernamaals en die paradys. By nadere ondersoek, is hulle egter net vir hierdie tydelike lewe verantwoordelik en terselfdertyd eintlik die hindernis wat staan tussen ons en God. Elke filosofie of wéreldbeskouing, wat hoop vir die anderkant in hierdie lewe wek, sonder dat ons die verband met die ewige vind, lei tot teleurstelling, met ernstige gevolge. Elke keer kom ons tot die punt waar die laaste vrae nie beantwoord word nie. Die ware lot van oorledenes, bly verborge. Slegs die een wat gesterwe en uit die dood opgestaan het, en die apostels, wat saam met die Opgestane 40 dae was en deur Hom gestuur is as Sy getuies, kan iets daaroor sê. Alle tydelike dinge — maak nie saak hoe godsdienstig — het hul grense. Toegang tot die ewigheid is nie outomaties in ons wieg gelê toe ons hierdie wêreld betree het nie. Maar voordat ons met die hoofgedagte oor God en die ewige lewe kan voortgaan, moet ons eers die toetrede van die ewige in die verloop van tyd erken.

In hierdie daarlegging kan ons nie onsself bemoei met die baie godsdienste en hul geloofsreëls nie en ook nie met dit wat filosowe vir die wêreld nagelaat het nie. Watter nut het 'n persoon byvoorbeeld, om deur meditasie te glo dat hy in verskillende lewenswese terugkeer en in die proses ‘n suiwering ondergaan, totdat hy uiteindelik in nirwana tot niet gaan (*die idilliese ‘rusplek’ van sommige oosterse gelowe*)? Wat beteken die teorie van evolusie, wat die werklikheid van die skepping ontgaan? Denkende mense, wat oor die rand van die tyd kyk, is slegs geïnteress-eerd in bewysbare feite, wat verder gaan as wat menslik verklaarbaar is. Almal moet toegee dat die majestieuse skepping 'n lewende werklikheid is, waarin ons almal ons bevind. Die lewe en ook die dood, wat ‘n seker-heid is, is ook ‘n werklikheid. Daar is dinge wat heeltemal buite ons be-heer is, dit is finaal in hulself. Wat ons egter moet weet, is dat die mens ‘n bewuste sielelewe het, wat bestem is tot gemeenskap met die Skep-per. Die eerste mense was deur ongehoorsaamheid geskei van ge-meenskap met die lewende God en so ook ons. Maar God het genade aan ons betoon deur die verlossingswerk en versoening deur Jesus Christus, tot Homself (IIKor. 5:28). Op hierdie punt kom elke godsdiens en filosofie tot ‘n einde, die geeste word geskei en lewende geloof in die lewende God begin.

Hierdie kort daarstelling is gerig aan alle welwillende mense regoor die hele aarde. Slegs die God van die hemel kan ‘n ewige heilsplan het,

wat Hy aan alle mense wil wys in alle godsdienste en kulture. Hy is 'n persoonlike God wat sedert die begin van tyd gemeenskap met die mens soek, en slegs diegene wat die ewige lewe ontvang het, kan en sal vir ewig lewe. Die enigste boek op aarde, wat tereg die Heilige Skrif en Woord van God genoem word en die enigste wat werklik uitsluitsel verskaf, is die Bybel. In die finaliteit, is net 'n enkele een heilig, naamlik God, en dit wat uit Hom voortkom. Net die Bybel getuig van Hom, wat van ewigheid tot ewigheid is, en Hy getuig van Homself net in Sy Woord.

Nóg in die Babiloniese, nóg in die Jerusalemse Talmud, vind ons God se oorspronklike Woord, maar slegs die verskillende interpretasies van die rabbi's oor die Torah. In die 114 suras van die Koran, met die diepste godsbeklaging, soek die mens tevergeefs ooreenstemming met die Bybel. Mohammed, wie nie kon lees nie, het volgens sy geheue die Ou en Nuwe Testament aangehaal, maar dit was nie 'n enkele keer in direkte ooreenstemming met die Skrif nie. Niemand op aarde kan tog daarop vertrou nie. Selfs die woord "Allah" verskyn nie 'n enkele keer in die Bybel nie, maar "Elohim" verskyn meer as ses duisend keer. In die Islamitiese lande was "Elohim" in die Skrif vervang met die woord "Allah".

God het alles in die Skrif vooruitgespreek en dit deur die loop van tyd vervul. Die Ou Testament het met die profeet Maleagi geëindig, net soos die Nuwe Testament met die laaste boek, die Openbaring van Jesus Christus. Die twee Testamente vorm 'n volmaakte eenheid, waaraan niks verander en niks bygevoeg mag word nie. God self het in die laaste hoofstuk van die Bybel, aan diegene wat iets by Sy woorde voeg, met straf gedreig. Al sou iemand ses honderd jaar later verskyn, met ‘n aanspraak dat hy van die Aartsengel Gabriel ‘n direkte openbaring sou ontvang het, wat nie stroop met God se Woord nie, dan moet ons dink aan die waarskuwing: *"... Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees!"* (Gal. 1:8)! Kan enigeen dit waag om enigiets by te voeg by wat God se profete en die apostels van Jesus Christus vir ons gelaat het? Hulle het die hele Verlossingsplan aangekondig en ons na die verwesenliking daarvan in die voltooiing heengewys. Wie het ooit die reg om God te korrigeer?

Deur die opstanding van ons HERE en Verlosser, is duidelik bewys gelewer dat Hy nie net mens was nie, maar die HERE self, wie die dood, wat oor die hele mensdom gekom het, oorwin het. Die volgende feit moet vir altyd kennis van geneem word: die HERE Jesus het ná Sy opstanding, veral in Lukas 24, verse 44-45, gesê dat alles wat oor Hom geskryf was in die wet van Moses, in die profete en in die Psalms, vervul moes word.

In Hom en deur Hom self, het ons die bewese goddelike legitimiteit, dat alles wat God in die Ou Testament aangekondig en belowe het, wat betref Sy eerste koms, vervulling gevind het. Net so word, sedert die stigting van die Nuwe Testamentiese Gemeente, vervul wat God aan Sy eie belowe het. So geld dit nou in die eindtyd, aangaande alle vooruitgespreekte gebeure, totdat die Wederkoms van Jesus Christus en die ewigheid intree. Slegs dit wat belowe is in die Heilige Skrif, kan vervul word. Die Opgestane HERE het Sy dissipels die vermoë gegee om dit te verstaan — Hy doen dieselfde vandag.

Daar was hoegenaamd geen behoefte aan verdere openbaringe nie. Daar was ook geen belofte daarvoor nie. Die verlossing het plaasgevind. Die Gemeente van die Nuwe Testament is op 'n bonatuurlike wyse tot stand gebring, deur die uitstorting van die Heilige Gees; alle bedieninge en gawes was in die Gemeente van die HERE. Daar was absoluut geen behoefte vir 'n "staatskerk" met sekulêre mag, soos in die Romeinse Ryk in die vierde eeu gestig was nie. Dit was 'n politieke besluit. Dit was ook nie nodig om 'n Islamitiese godsdiens in die sewende eeu te stig nie. Ook dít was 'n sekulêre politieke besluit. Die Jode het eerste die verband met God se genadige optrede, volgens Sy Verlossingsplan, misgekyk, daarna die Christene, en toe die Arabiere, wat natuurlik almal na Abraham verwys. Dit was absoluut nie nodig om rade te hou om nuwe leerstellings en dogmas op te stel nie. Elke keer was die Woord van God geïgnoreer (Mark. 7:9). God het reeds alles gesê en elke leerstelling en gebruik vir die Gemeente geopenbaar en gevestig. Die Nuwe Testament was lankal reeds voltooi. Dit was ook nie nodig om die Islamitiese godsdiens op mense met aardse geweld af te dwing nie. Alles wat deur die mens gemaak is, het niks met God se wil te doen nie. Hy is slegs verantwoordelik vir dit wat Hy self belowe het. Alles in die Koninkryk van God moet volgens Sy vasgestelde wil geskied.

### So spreek die HERE: "Ek sal My Gemeente bou!"

Die Nuwe Testament ken net die een Gemeente van Jesus Christus, wat die pilaar en grondslag van die waarheid is (ITim. 3:15). Sy Gemeente bestaan uit die eersgeborene wat in die hemele opgeskrywe is (Heb. 12:23), wie se name in die boek van die lewe is (Openb. 3:5). Hulle word as *"lewende stene* opgebou*, tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus"* Alle ware gelowiges in Jesus Christus is *"'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry …"* (IPet. 2: 5-10). Amen.

Die ware Gemeente van Jesus Christus is *"... gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is, in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die HERE, in wie julle ook saam opgebou word tot 'n woning van God in die Gees"* (Efé 2: 20-22). Amen. In hierdie Gemeente is waarlik, *"een HERE, een geloof, een doop"* (Efé. 4:5).

Diegene wat weergebore is deur die Gees van God, vorm die liggaam van Christus: *"Want net soos die liggaam een is en baie lede het, en al die lede van die een liggaam, al is hulle baie, een liggaam is, so ook Christus. Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; en ons is almal van een Gees deurdronge".* Amen. Deur die doping met die Gees, word die individuele lede bonatuurlik geplaas in die liggaam van Christus. *"Maar julle is die liggaam van Christus en lede afsonderlik. En God het sommige in die gemeente gestel: in die eerste plek apostels, ten tweede profete, ten derde leraars, daarna kragte, daarna genadegawes van gesondmaking ..."* (IKorinthiërs 12: 4-30). Amen. Weereens hier, word ons vertel dat dit God self is wat die bedieninge in die Gemeente daarstel.

Die HERE het in Sy Gemeente geplaas, *"... sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus ..."* (Efé. 4: 1-16). Amen.

Vanaf die begin af, in hul opbouing, tot die voltooiing met die Wederkoms van Christus, ervaar die Gemeente van Jesus Christus die bonatuurlike werk van God deur die krag van die Heilige Gees. *"… Daar is wel verskeidenheid van genadegawes, maar dit is dieselfde Gees; en daar is verskeidenheid van bedieninge, en tog is dit dieselfde HERE; en daar is verskeidenheid van werkinge, en tog is dit dieselfde God wat alles in almal werk"*. Amen.

In die Gemeente van die lewende God, is van toepassing op Sy diensknegte, soos geskryf is: *"Maar aan elkeen word die openbaring van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is"*.

In die Gemeente is die volgende bedieninge, wat slegs werkend is deur die Gees van God:

*"… aan die een word deur die Gees 'n woord van wysheid gegee, en aan die ander 'n woord van kennis vanweë dieselfde Gees; aan 'n ander weer geloof deur dieselfde Gees, en aan 'n ander genadegawes van gesondmaking deur dieselfde Gees; aan 'n ander werkinge van kragte,*

*aan 'n ander profesie, aan 'n ander onderskeiding van die geeste, aan 'n ander allerhande tale, aan 'n ander uitleg van tale. Maar al hierdie dinge werk een en dieselfde Gees wat aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil".* Amen. Die Skrif ken nie enige liturgie nie.

Die volgorde van aanbidding en die harmonie in die vroeë Gemeente word aan ons in IKorinthiërs 14 in meer detail beskryf. Daar word dit aangedui hoe spontaan die Gees van God werk: *"Maar as daar iets geopenbaar is aan 'n ander wat daar sit, laat die eerste swyg ... God is nie 'n God van wanorde nie, maar van vrede, soos in al die gemeentes van die heiliges".* Vroue moet nie tydens eredienste vrae vra nie, maar hulle eggenote by die huis vra. Dit is die riglyn waarteen niemand beswaar kan het nie. Dan volg die heel verstaanbare verklaring: *"As iemand meen dat hy 'n profeet of 'n geestelike mens is, moet hy erken dat wat ek aan julle skrywe, bevele van die HERE is. Maar as iemand onkundig is, laat hom onkundig bly"* (IKor. 14: 37-38). Amen. Wie nie die God-gegewe gemeentelike orde van die Nuwe Testamentiese Gemeente erken nie, word ook nie deur God erken nie. En almal weet dat daardie orde glad nie bestaan in enige staats- of formele kerk op aarde nie! almal het hul eie liturgie en hulle aanbiddingsorde dui slegs op 'n vorm van godsaligheid.

Maar ons besef dat dit goddelike opdragte en verordeninge is wat ‘n man van God, op grond van ‘n goddelike roeping, oordra aan die Gemeente. In die vroeë Gemeente het die goddelike orde in alle plaaslike gemeentes gegeld.

*"… daar was in die plaaslike gemeente in Antiochíë sekere profete en leraars, naamlik Bárnabas en Símeon wat Niger genoem word, en Lúcius, die Cirenéër, en Manáen, wat saam met Herodes, die viervors grootgeword het, en Saulus".*

Aangaande die bediening van die profete en leraars, beskrywe die volgende Skrif ‘n erediens in die oorspronklike gemeente: *"En terwyl hulle besig was om die HERE te dien en te vas, het die Heilige Gees gesê: Sonder nou Bárnabas en Saulus vir My af vir die werk waarvoor Ek hulle geroep het. En toe hulle gevas en gebid het en hulle die hande opgelê het, laat hulle hul gaan. So het hulle dan, deur die Heilige Gees uitgestuur, afgegaan na Seleúcië en daarvandaan weggevaar na Ciprus. En toe hulle in Sálamis kom, het hulle die woord van God verkondig ...."* (Hand. 13: 1-5).

Die struktuur, orde, bedieninge en gawes van die Gemeente van Jesus Christus, word in detail aan ons beskryf in die baie hoofstukke van die boek Handelinge en in die briewe. Dit is die oorspronklike patroon

van die Gemeente van die lewende God! In Handelinge 15 word ons vertel hoe die ouderlinge en die apostels, die veel-besproke kwessie oor die besnydenis gehanteer het. Die antwoord kom toe uit die mond van die verordeneerde Petrus: *"Broeders, julle weet dat God lank gelede onder ons verkies het dat die heidene deur my mond die woord van die evangelie sal hoor en gelowig word. En God wat die harte ken, het vir hulle getuienis gegee deur aan hulle die Heilige Gees te skenk net soos aan ons. En Hy het geen onderskeid tussen ons en hulle gemaak nie, aangesien Hy hulle harte gereinig het deur die geloof"*. So, dit was 'n voortsetting, net soos in die begin met die ware doping van die Heilige Gees, wat die gelowiges ontvang het. Dan gaan Jakobus voort: *"Símeon het vertel hoe God in die begin uitgesien het om 'n volk uit die heidene vir sy Naam aan te neem. En hiermee stem die woorde van die profete ooreen, soos geskrywe is (Amos 9: 11-12) ...".* As slotsom, sê dit: *"Want die Heilige Gees en ons het besluit om verder geen las op julle te lê nie as hierdie noodsaaklike dinge: ..."*.

Ons lees verder: *"En Judas en Silas, wat self ook profete was, het die broeders met baie woorde bemoedig en versterk"* (Hand. 15: 1-34). Sedert die stigting van die nuwe-testamentiese Gemeente, deur die uitstorting van die Heilige Gees, sien ons die bonatuurlike werking van God, deur Sy bedieninge en gawes. Direk met die aanvang is die ware evangelie van Jesus Christus en die hele raad van God aan Sy Gemeente deur die van Hom gekose getuies, geopenbaar: *"waardeur julle, as julle dit lees, my insig in die verborgenheid van Christus kan verstaan, wat in ander tye aan die mensekinders nie bekend gemaak is nie soos dit nou aan sy heilige apostels en profete geopenbaar is en vir almal aan die lig te bring wat die gemeenskap is van die verborgenheid wat van alle eeue af verborge was in God wat alles geskape het ... volgens die ewige voorneme wat Hy opgevat het in Christus Jesus, onse HERE ..."* (Efé. 3: 4-11). Amen.

Die apostel Petrus het alreeds in die vroeë Gemeente vermaan: *"... sodat julle die woorde kan onthou wat deur die heilige profete tevore gespreek is, en die gebod van ons, apostels van die HERE en Verlosser"* (IIPet. 3:2).

Die Apostel Johannes skryf: *"Wat van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons aanskou het en ons hande getas het aangaande die Woord van die lewe — en die lewe is geopenbaar, en ons het dit gesien, en ons getuig en verkondig aan julle die ewige lewe ..."* (IJoh. 1: 1-2.). Amen. Die aanvoering van die uur is dus: Terug na die begin.

Kom ons som dit kortliks op: die Gemeente van Jesus Christus, onse HERE, is nie ’n mens-geleide organisasie nie, maar 'n lewende organisme; dit is die liggaam van Jesus Christus, wat bestaan uit baie lede. Die gemeente van die lewende God, word hier aan die einde van die genadetyd, weer heeltemal teruggebring na die goddelike heilsorde. Die beloofde terugkeer van ons HERE en Bruidegom (Joh. 14: 1-3; Matt 25: 1-10), kan volgens die getuienis van die Heilige Skrif, eers plaasvind wanneer die Gemeente na die oorspronklike stand terug gebring is: *"HOM wat die hemel moet ontvang tot op die tye van die wederoprigting van alle dinge, waarvan God van ouds af gespreek het deur die mond van al sy heilige profete …"* (Hand. 3:21). Amen.

Van die gelowiges in die vroeë Gemeente word gesê: *"En hulle het volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap en in die breking van die brood en in die gebede"* (Hand. 2:42). Dit is die kenmerke van die ware Gemeente van Jesus Christus: Eerstens die leer van die apostels; tweedens, die gemeenskap van diegene wat in hierdie leer bly; derdens, dat hulle deelneem aan die nagmaal van die HERE, wat gekenmerk word deur die breking van die brood en vierdens, die handhawing van gebedsgemeenskap. Onse HERE en Verlosser het self die voorbeeld van die broodbreking gegee. Hy het nie misbrooidjies uitgedeel nie, maar gedoen soos geskrywe is: *"… neem Jesus die brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan sy dissipels ..."* (Matt. 26:26). Amen.

Die ware gemeente vier die nagmaal vandag met brood wat voorberei is en in ooreenstemming met die aantal deelnemers. So ook vier die gemeente vandag die nagmaal met 'n beker, wat geseën word en waaraan almal deelneem. So is dit geskrywe, en so is dit vir ewig. Na Sy opstanding het onse HERE dieselfde gedoen as voorheen: *"... En toe Hy met hulle aan tafel was, neem Hy die brood en dank; en Hy breek dit en gee dit aan hulle ..."* (Luk. 24:30). Amen. In Handelinge 20, vers 7, lees ons: *"En op die eerste dag van die week, toe die dissipels vergader het om brood te breek ...".* Paulus skryf aan die gemeente in Korinthe: *"die beker van danksegging wat ons met danksegging seën, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie?"* (IKor. 10: 16-22 ; IKor. 11: 23-34). Amen.

## 'n Oortuigende vergelyking

Al die leringe en praktyke van die vroeë Gemeente kan uitgelê word, maar ons sal samevattend slegs nog sê, dat die ware leringe oor die

Godheid, die doop, die nagmaal — basies alles wat geskryf is in die hele Verlossingsplan van God, aan ons vanuit die apostoliese tye nagelaat is. As ons hiermee 'n vergelyking maak tussen die Gemeente van Jesus Christus uit die vroeë Christendom en al die kerke wat deur die afgelope tweeduisend jaar tot stand gekom het, dan is dit eintlik net vir die een doel, om almal die weg na die begin, na die vroeë Gemeente en sy struktuur te wys. Verbind daaraan, is die gebed wat ons tot God maak, dat ons die genade van God op dieselfde manier kan ervaar as ons broeders en susters in die begin, want Jesus Christus is dieselfde gister, vandag en tot in ewigheid. Amen.

Almal wat vertroud is met die kerkgeskiedenis, is bekend daarmee dat die eerste eeue verloop het sonder 'n universeel-georganiseerde kerk. Daar was aanvanklik net die plaaslike gemeentes. Maar so vroeg as die tweede eeu berig Irenaeus van 20, Hippolytus van 32 in die 3$^{de}$ eeu, Epiphanius noem in die 4$^{de}$ eeu reeds 60 verskillende geloofsrigtings en Biskop Philaster skryf van 'n totaal van 131 verskillende groepe. In die eerste eeue was daar geen kardinale nie, geen pouse nie en die biskoppe was nie hooggeplaastes nie — hulle was die leiers en ouderlinge in die plaaslike gemeentes. Hulle moes getroud wees (ITimothéüs 3). Na die laaste Christen-vervolging onder Diocletianus (240-313), het Kaiser Konstantyn die weg gebaan vir 'n universele Christelike kerk in die Romeinse Ryk. Eers later het ons te make met 'n staatsgodsdiens! met 'n opvolger vir Petrus! getiteld "Pontifex Maximus" vir die pouse!

In die jaar 380, verklaar Kaiser Theodosius I die Grote, die Drieeenheid geloof, wat hoofsaaklik deur Tertullianus geformuleer was, as staats-godsdiens, wat alle burgers moes aanvaar het. In die jaar 382 het keiser Gratianus amptelik die Romeinse titel "Pontifex Maximus" neergelê, wat hy gedra het as hoof van die heidense priesterskolege. "Pontifex Maximus", as die hoogste brug-bouer, het selfs dan die taak gehad om brûe te bou, om volke en stamme bymekaar te bring. In die jaar 217 het die Romeinse biskop voorkeur geëis, maar net Leo I het in die jaar 441 geseëvier. Hy was die eerste om die woord wat aan Petrus in Mattheus 16 gerig was: "*Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee …",* uitsluitlik vir homself op te eis. Konstantyn het die politieke dogma in die jaar 312 gestig, waardeur die keiser nie net heerser van die staat was nie, maar ook "verteenwoordiger van Christus en here van die Kerk" was, soos die geval in die heidendom, dat in die regeerders beide magte verteenwoordig was. Hierdie siening is later deur die pouse aangeneem, deur hul aanspraak op geestelike en wêreldmag. Martin Luther het aangedring op die verdeling van die twee magte.

Daar was rade gehou, beginnende met die Raad van Nicea (325 nC), Wat bygewoon was deur sowat 300 afgevaardigdes van die verskillende kampe. Die siek biskop van Rome was nie teenwoordig nie. Hulle het spesifieke kwessies bespreek en geloofsbevindings geformuleer. Daar was een dogma na die ander, vanaf die dogma van pouslike onfeilbaarheid (1870) en die liggaamlike hemelvaart van Maria (1950). As geloof in 'n dogma noodsaaklk is vir redding, dan sal ons die apostels, selfs die HERE moet aankla, dat hulle ons nie vertel het daarvan nie. *O God, hoe goed dat die Woord van die waarheid alles, absoluut alles is, wat U aan U Gemeente toegesê het, en dat slegs U Woord 'n lig is vir ons voete!* Amen. Die Nuwe Testament is voltooi, dit is sedert die dood van die testateur wetlik bindend en durf nie verander word met byvoegings nie (Gal. 3:15). Wat is dan valse geloof, nagemaakte waarheid en wat stem met die oorspronklike ooreen? Dit is die kernvraag wat ons almal moet stel.

Die begrip "dogma" is afgelei van die Griekse "dokein", wat beteken "om te verskyn". Vir die kerkvaders het die een of die ander ding gelyk of dit reg was, maar wat vir kerkleiers "skynbaar" korrek gelyk het, was vêr van reg af gewees. God se Woord blyk nie korrek te wees nie, God se Woord is reg en waaragtig en bly tot in ewigheid! Amen.

Dit is nie ons taak, om die grootste en magtigste instelling op aarde af te druk nie. Dus ook nie die baie formele en nasionale kerke, wat elk hul eie tradisies en kenmerke het nie. Maar daar moet, ter wille van die waarheid, gevra word: Wat as die kerke, in lering en praktyke, nie ooreenstem met die Skrif nie? Wat baat dit die Rooms-Katolieke gelowiges, dat die Vatikaan sedert 1929, deur die Lateraanse Verdrag 'n kerkstaat is, wat met 175 nasies van die aarde diplomatieke betrekkinge het? Wat het dit te doen met die redding van ons siele? Wat baat die staatserkenning van al die Protestantse streeks-, lands- en staatskerke, as hulle nie almal erken word as die geestelikes van God nie? Die Kerk van Rome het meer as 'n miljard lede wêreldwyd, het meer as 'n miljoen geestelike manne en vroue, oor vier honderd duisend priesters en vier duisend vyf honderd biskoppe. Die ander kerke het ook hul miljoene volgelinge en hul geestelikes. Maar hoeveel van hulle het Jesus Christus as hul persoonlike Verlosser aangeneem en dus die sekerheid dat hulle aan die Gemeente van die lewende God behoort? Hier ontstaan die vraag vir ons: Kan dit wees dat, uit die biljoene en miljoene, dit regtig net die "klein kuddetjie" behels, wat Jesus Christus van gepraat het, aan wie die Vader die koninkryk sal gee (Luk 12:32)? Dít is die Gemeente wat Jesus bedoel het toe Hy gesê het: *"Ek sal my gemeente bou ..."*. Is die kerke van

hierdie wêreld die koninkryk van God, wat volgens die woorde van Jesus, nie uit hierdie wêreld is nie (Joh. 18:36)?

Wanneer en waar het Jesus Christus die apostel Petrus as hoof van Sy Gemeente, of selfs as staatshoof aangestel? Die HERE het gesê: *"Jy is Petros* ('n klip) *en op hierdie rots* (Petra) — nie "op jou" nie — *sal Ek my gemeente bou ..."*, maar nie op die wankelmoedige man, aan wie die HERE by dieselfde geleentheid, toe hy nie onder goddelike inspirasie gepraat het nie, gesê het: *"Gaan weg agter My, Satan! Jy is vir My 'n struikelblok, omdat jy nie die dinge van God bedink nie, maar die dinge van die mense"* (Matt. 16:23)! Christus self is tog die rots, die hoeksteen waarop die Gemeente gegrond is. Dit is die ware openbaring wat Petrus ontvang het! Die Verlosser self is die "Hoof van die Gemeente!"

Die pous se ambassadeurs in alle lande is nie ambassadeurs van Jesus Christus nie, maar dié van die Vatikaanstaat! Is die geestelikes in alle kerke werklik boodskappers van God? Is hulle apostels van Jesus Christus of dienaars van hul kerke? Verkondig hulle die Woord van God soos in die begin, of die leer van hul onderskeie denominasies? Het Christus al ooit 'n wêreldse aanspraak gemaak? Wou Hy 'n pouslike kerkstaat hê? of 'n volks- of staatskerk? Kon Petrus die eerste pous gewees het, alhoewel alle geskiedkundiges dit eens is dat hy nooit in Rome was nie?

## Net op feite gebaseer

Die Nuwe Testament berig oor Petrus se reise na Samaria, na Sesarea en tot by Antiochië (Gal. 2:11), en ook die van Paulus, word daar breedvoerig beskryf. Paulus was drie keer in Rome; hy was 'n Romeinse burger (Hand. 22: 22-29) en kon Rome dus onverhinderd besoek op sy reis na Spanje (Rom. 15: 22-29). Petrus was nie ‘n enkele keer daar nie. Die primaatsaanspraak was eers vierhonderd jaar later, volgens ‘n Romeinse legende gemaak. In werklikheid is daar nie 'n graf of 'n stoel van Petrus in Rome nie. In die jare 41-54 het Claudius in Rome geregeer, toe alle Jode verdryf was, onder wie Aquilla en Priscilla, wie Paulus in Korinthe ontmoet het (Hand. 18). Die eerste vervolging van Christene het plaasgevind onder Nero, wie die jare 54 tot 68 geregeer het. Volgens 'n goddelike besluit was dit ooreengestem dat Jakobus, Sefas en Johannes verorden word tot die apostoliese bediening van die Jode en Paulus en Barnabas tot die apostoliese bediening van die heidene (Galasiërs 2 onder andere). Paulus het die Romeinse brief, wat in sestien hoofstukke geskryf is, aan die klein Joodse Christengemeente in Rome gerig, en 27 mense by naam gegroet, maar Petrus was nie onder hulle genoem nie.

Met sy laaste besoek het Paulus twee volle jare in Rome gebly (Hand. 28:30). Slegs die legende skryf die verskyning van Simon Magus in Rome toe aan Simon Petrus. Hierdie kennis is deel van die basiese studie van die onafhanklike kerkgeskiedenis.

Is daar uit die mond van die HERE enigsins ‘n belofte dat Petrus 'n opvolger sou hê? Nee! Is daar 'n belofte dat Jesus Christus 'n plaasvervanger sou hê? Nie in die Skrif nie! Sê dit iewers dat ‘n godsstaat vir Christus onder die mense opgerig moet word? Nee! Is daar ‘n belofte dat die Rooms-Katolieke Kerk, of enige ander, alleen moet red en genees? Nie in die Skrif nie! Was die Gemeente van Jesus Christus, wat in detail beskryf word in die Nuwe Testament, met hulle gawes en bedieninge, ooit aardse magte gegee? Nie in die Skrif nie! Weet die nuwe-testamentiese Gemeente van heilige water, wierook, kruisies, rosekranse, optogte, pelgrimstogte, of vagevuur? Nee! Weet die nuwe-testamentiese Gemeente van sakramente? Weet sy van babadoop en peetouers, ‘n begrafnismis, 'n misoffer, ‘n biegstoel en aflate? Nee! Weet die nuwe-testamentiese Gemeente van 'n salig- en heiligverklaring van afgestorwenes? Nee!

Het die nuwe-testamentiese Gemeente iets geweet van 'n Maria-verering en 'n "Hail Mary" begroeting? Nee! Het die vroeë Gemeente geweet van selibaatskap? Nee! Paulus het dit, gelei deur die Gees van God, aan die "groot afvalligheid" toegeskryf en met die "verbod op die huwelik", dit direkte leringe van duiwels genoem (ITim. 4: 1-5), omdat dit teenstrydig met God se skeppingsorde is wat deel uitmaak van Sy Verlossingsplan. Die ouderlinge en diakens van die plaaslike gemeentes, moes getroud wees in daardie ampte (ITim. 3; Tit. 1: 5-9).

Daar is in die Gemeente van Jesus Christus geen kloosters nie, geen monnike of nonne, of ander sulke ordes nie. Niks het gebly soos dit in die vroeë Gemeente was nie; basies alles in lering en praktyk, is geherinterpreteer, in teenstelling, anti, dws teen en in plaas van wat Christus geleer en beveel het, en deur die apostels uitgevoer was. Alles wat ongelooflik is, was as geloofwaardig verklaar.

Maria, die uitverkore maagd (Jes. 7:14), die moeder van die HERE, het haar eenmalige hoë taak vervul. Daarna word sy slegs een keer, in Handelinge 1, vers 14 genoem, naamlik aan die begin en in verband met die uitstorting van die Heilige Gees. Het die apostels enigiets geweet van 'n “onbevlekte ontvangs” van Maria? Nee! Die Seun van God moes in die gelykheid van sondige vlees kom (Rom. 8:3), is gebore in die gevalle skepping, om ons te verlos van die sondeval. Weet u iets van haar per-

manente maagdelikheid? Nee, want die Bybel getuig dat Josef later egtelik met haar verkeer het (Matt. 1:25), nadat Christus, die seun van God gebore was en dat sy vier seuns en ook dogters gehad het (Matt. 13: 55-58). Johannes 2, vers 12 sê ook: *"Daarna het Hy na Kapérnaüm afgegaan, Hy en sy moeder en sy broers en sy dissipels ...".* Paulus getuig: *"en ek het niemand anders van die apostels gesien nie, behalwe Jakobus, die broer van die HERE"* (Gal. 1:19). Amen.

Het die apostels van 'n liggaamlike hemelvaart van Maria getuig? Nee, want dit staan geskrywe: *"En niemand het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het ..."* (Joh. 3:13)! Amen.

Kan sy ook nog 'n middelares wees, wanneer daar geskryf staan: *"Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus ..."* (ITim. 2:5).

Kan sy ook 'n voorspraakmaakster wees, as dit geskrywe staan: *"... en as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige"* (IJoh. 2:1).

Kan Maria op enige aspek dit wees, wat Jesus Christus alleen is? Sekerlik nie! Volgens die getuienis van die Skrif, is die kultus van Maria en al die heiligheidskultusse, al die ikone, afbeeldings en standbeelde afgodsaanbidding, aangebied as godsaanbidding (Ex. 20: 1-6, ens). Dit is gerig teen Christus, dus "anti-christelik" — onbybels — alles deel van die "Christelike" kerke wat heeltemal buite God se Woord staan.

‘n Mens kan voortgaan met die lys van alles wat geleer, geglo en beoefen word en dit bevraagteken. ‘n Mens kan selfs vra: Was Jesus Christus, of Hugo von Pyens, die stigter van die Ridderorde van die Heilige graf? Het die Verlosser die Jesuïete en die Kontra-Reformasie ingestel, of was dit die ywer van die Spanjaard Ignatius van Loyola, wie se missie dit was om die "heilige" Roomse Kerk te herstel, selfs met geweld? Dit hoef nie gevra te word waarom die geheime orde Opus Dei gestig was in 1928 nie, wat met sy 86,000 lede in alle areas aktief was, met sleutelposisies in 90 lande. In die lig van hierdie feite, kan die bewering waar wees: Slegs die Rooms-Katolieke Kerk is die Kerk van Christus en die verlossing skenker, al die ander is, ten beste, kerklike gemeenskappe?

## Die tragiese gebeure

Net in die sewe kruistogte vanaf 1095 tot 1292, was 22 miljoen mense vermoor. Was dit heilstrekkend? Wie die bevel van pous Urbanus II aan die Raad van Clermont in 1095 lees, sal geskok wees. Wie lees van die 40,000 Jode en Moslems in Jerusalem waarvan daar ná die slagting in Junie, 1099, net sowat 100 oorgebly het, word heeltemal sprakeloos gelaat. Wat het dit te doen met die bevryding van die "Heilige Graf van Christus uit die hande van die ongelowiges," soos die opdrag van Urbanus II gelui het — veral omdat hierdie graf in die stad 'n fiksie is? Die graf was en is vandag in 'n tuin by die plek van skedel, buite die stad, so getuig die Skrif. *"En daar was op die plek waar Hy gekruisig is, 'n tuin, en in die tuin 'n nuwe graf waar nog nooit iemand in neergelê was nie"* (Joh. 19:41). Verder is geskrywe: *"Daarom het Jesus ook, om die volk deur sy eie bloed te heilig, buitekant die poort gely"* (Heb. 13:12). Amen.

‘n Mens moenie die gedagtes met al die bedrieëry en herinterpretasies van die vyand tot aan die einde deurdink nie. Aan die ander kant bestaan daar net een Boek op aarde, wat die volledige uitkoms wys, wat onbetwyfelbaar is en eindig met die openbaring van Jesus Christus waarin ook die laaste verborgenhede geopenbaar word. Duisend jaar van absolute oppergesag van Rome: die Middeleeue, die Inkwisisie, die brandstapels, hekseverbranding, die vervolging van Jode, die slagting van die Hugenote, ens, het baie bloed gestort. Die Kerk van Rome het geestelike en aardse kragte saamgesnoer. Sommige eksegete voer aan dat Openbaring 18, verse 23-24 daarna verwys: *"... is al die nasies verlei. En die bloed van profete en heiliges is in haar gevind, en van almal wat op die aarde gedood is"*.

Kan enige verwyte hieroor teen die pous, 'n kardinaal, of 'n priester vandag geslinger word? Sekerlik nie. Die verwikkelinge in die kerk vind al 1,500 jaar lank plaas. Almal is gebore in hierdie tradisies, opgelei daarin en het aanvaar dat alles korrek is. Dieselfde geld vir alle kerke en hul predikante; elkeen het hul eie geskiedenis en hul eie tradisies.

Elke Kerk het hul eie ontwikkeling ervaar. Maar die Gemeente van Jesus Christus, is nog soos sy was met die stigting. Soos die kerkgeskiedenisskrywes oortuigend aandui, was die gelowe nie meer begaand oor die betekenis van die Woord van Jesus en die apostels nie, maar oor hul eie herinterpretasies, waaraan almal sonder uitsondering skuld het. Eers was almal in die keiserskerk ingedwing maar ná die Hervorming, het die verskillende leringe weer na vore gekom. En nou keer almal, ongeag van wat hulle glo, terug na die moederkerk.

Geen kerk kan daarop aanspraak maak dat hulle die Gemeente van Jesus Christus is nie. Christus self bou Sy Gemeente met almal wat God se genade aanvaar en die ewige lewe ontvang, soos in die begin. Deur die evangelie-boodskap, roep God Sy eie vanuit alle volke, tale en nasies, uit alle formele- en onafhanklike kerke, alle godsdienste en kulture. Gedurende die hele tyd van genade word vervul: *"... en daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe"* (Hand. 13: 47-49). Amen. Nooit was verlossing gekoppel aan enige mens of instelling nie. Van die begin af geld die goddelike boodskap, met die oog op die Verlosser: *"want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is ..."* (Hand. 4:12), maar HERE Jesus Christus, in wie alleen die verlossing van God is. Sy pleidooi geld nog vandag: *"Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is ..."* (Matt. 11:28). Daarom kan ‘n boodskapper van God die luisteraars in sy preek toeroep: *"Glo in die HERE Jesus Christus en jy sal gered word".* Geloof in 'n kerk is nie geloof in God nie — dit kan nie wees nie. Dit is slegs die een ware geloof, in die een ware God, wat Homself in Jesus Christus aan ons geopenbaar het. Slegs deur 'n persoonlike verlossingservaring, word mense weergebore tot 'n lewende hoop (Joh. 3: 1-10; Jak. 1:18; IPet. 1: 22-25).

Nietemin het alle godsdienste en alle kerke hul bestaansreg. Wie nie die oproep van God hoor en die ewige lewe wil ingaan nie, sal bly waar en wat hy of sy is. Alle bybelgelowiges moet alleen net vashou aan wat in die Bybel staan. Daar is basies net twee geloofsbelydenisse: Die een is die lering van die apostels en profete (Efé. 2:20), wat tot in die kleinste detail die leer van Jesus Christus is, soos ons dit in die Bybel bevestig vind. Die ander is die lering soos gedefinieer in die geloofsbelydenisse van die kerke. Een *ís* bybels, die ander word net "bybels" genoem. Die een *ís* apostolies, die ander word net "apostolies" genoem. En so hard soos dit dalk mag klink: die een sluit die ander uit. Elkeen het die geleentheid om vir hulself te besluit, en almal sal dan voor die regverdige Regter staan, Wie egter die uitspraak slegs volgens Sy Woord sal lewer.

Waarom is die verkeerde ontwikkeling van die kerk in die Romeinse Ryk versteek tot sy skeuring in die jaar 1054, en al hul fases daarna? Waarom word niks meer vergelyk met die Skrif nie? Wat gee dan die deurslag? Wat dra die seël van God? Word daar tot vandag nog geglo in die Pippiniese of Konstantynse bydraes? Is daar nog nie genoegsaam bewys dat die Kerk van Rome net belangstel in wêreldmag, wat uitgeoefen word in die naam van Christendom nie? Word dit nie nou in al die volks- en staatskerke in die verskillende lande so aanvaar, dat godsdiens en politiek veralgemeen word nie? Ons vra daarom: Wat het dit te doen

met die ware Gemeente van Jesus Christus? God het dit self so besluit, dat die blye boodskap — die ewige evangelie van Jesus Christus — in die wêreld verkondig moet word en dat almal wat God se verlossing in Christus aanvaar, vergifnis van sondes ontvang. So spreek die HERE: *"as julle nie glo dat dit Ek is nie, sal julle in jul sondes sterwe ..."* (Joh. 8:24).

Slegs die gelowiggewordenes, wat deur berou en bekering hul verlossing ervaar het, laat hulle doop, volgens die sendingsbevel in Markus 16: *"Hy wat glo en hom laat doop ...".* Die hele boek van Handelinge bevestig dat hulle in die naam van die HERE Jesus Christus gedoop was. Dan ervaar hulle ook die belofte, soos eerste gegee uit die mond van Johannes die Doper (Matt. 3:15) en wat onse HERE Homself in Handelinge 1, vers 5, bevestig het: *"... Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word ..."*. Vir die bybelgelowiges is niks 'n amptelike daad nie; alles is God se bonatuurlike werk in mense, wat lei tot saligmakende geloof in Jesus Christus. Berou oor die lewe wat ons sonder God gelei het, bekering vanaf die breë na die smal weg, wedergeboorte na die saad van die Woord van God (Jak. 1:18; IPet. 1:23), vernuwing tot die diepe innerlike, deur die Heilige Gees, volgens Titus 3 — al hierdie is persoonlike ervarings wat 'n mens meemaak wanneer hy of sy 'n gelowige word. Almal moet dit self beleef, dat God 'n persoonlike verhouding met ons herstel het en dat ons geroep is vanaf mensekinders tot Godskinders. Almal word aangeraai om die Raad van God te glo en die Heilige Skrif as die enigste geldige patroon vir geloof, lering en handeling te respekteer.

Uit die kerkgeskiedenis is die herlewings wat sedert die Reformasie plaasgevind het, aan ons bekend, asook die gepaardgaande kwessies. Martin Luther en andere het op die regte tyd, deur die prediking, dit deurgegee wat hulle persoonlik ervaar het: die genade en regverdiging deur geloof in Jesus Christus die Verlosser. Toe kom die ontwaking onder John Wesley en vele ander, wat 'n stap verder gegaan het en nie net regverdiging verkondig het nie, maar die persoonlike ervaring van heiligmaking van die Woord. Dit is gevolg deur John Smith met vele ander, wat met die dompel-doop van die gelowiges ‘n nuut-uitgebreekte herlewing persoonlik ervaar het. Die afgelope eeue is eintlik gevorm deur herlewings wat dieper gelei het en nader gekom het aan die Woord van God en die vroeë Christelike getuienis. In elke herlewing het dit daaroor gegaan, dat almal wat die boodskap van hul uur geglo het — hetsy regverdiging of heiligmaking of die vulling met die Heilige Gees, dit ook persoonlik ervaar het in werklikheid. Martin Luther kon slegs preek wat hy persoonlik ervaar het, regverdigmaking. So was dit met John Wesley.

Hy het die heiligmaking in die Woord persoonlik ervaar en dit gepreek. So was dit met John Smith, wat die doop van die gelowige tot 'n deurbraak verhef het. Dit is wat gebeur het in die Pinkster herlewing. Eers het die broeders in Los Angeles, daarna oral op aarde, die geestesdoop belewe, gevolg deur die verkondiging van wat hulle ervaar het en almal wat hulle getuienis geglo het, het dit ook persoonlik beleef.

Na die Tweede Wêreldoorlog het die liewe HERE self 'n beroeping uitgespreek en 'n sending gegee. Met die oog op die Wederkoms van Jesus Christus, was William Branham op 7 Mei, 1946, op 'n bonatuurlike wyse, net soos die apostel Paulus, 'n direkte opdrag gegee om die oorspronklike goddelike boodskap te verkondig, wat die Wederkoms van Christus voorafgaan. Sedert die dae van ons HERE en die apostels, was daar nog nie so 'n bediening op aarde nie: die siekes is genees, blindes kon sien, die dowes kon hoor en die verlamdes kon weer loop, selfs 'n paar dooies is opgewek: Die volle evangelie was nou weer verkondig, soos aan die begin en op 'n bonatuurlike wyse direk bevestig. Dit is alom bekend dat sowat 500 evangeliste in die VSA, geïnspireer was deur wat hulle in die Branham byeenkomste gesien en ervaar het, en toe hul eie bedieninge begin het. So het die groot wêreldwye herlewing, waarin die verlossing van die siel en die genesing van die liggaam beleef was, binne 'n kort tyd, die uithoeke van die aarde bereik. In die jare 1955-1965 was ek 'n ooggetuie van hierdie unieke en magtige bediening.

Nou gaan dit nie meer oor gedeeltelike waarhede, soos in die afgelope eeue nie. Dit gaan nou oor die proklamasie van die volle evangelie met alle ervaringe, waarin die hele Heilsraad van God — die volledige herstel van die goddelike heilsplan in die Gemeente van Jesus Christus, uitgelê is. Dit behels die uitroeping van diegene wat gereed wil wees met die Wederkoms van Jesus Christus. Die geroep gaan nou uit volgens Matthéüs 25: *"Daar kom die bruidegom; gaan uit hom tegemoet!"*. Almal wat tot die Bruid-gemeente behoort, luister na die stem van die Bruidegom. Hierdie laaste boodskap, moet een honderd persent ooreenstem met die eerste boodskap, sodat almal wat deel uitmaak van die Gemeente van Jesus Christus, dieselfde leerstellinge oor die Godheid, doop, nagmaal, ens, glo en ervaar. Nie elkeen wat sê *"HERE, HERE …",* sal die koninkryk van God ingaan nie, selfs al sou hulle geprofeteer en wonderwerke gedoen het (Matt. 7: 21-23), maar slegs diegene wat die wil doen van onse hemelse Vader. Met die begrip "Eindtydboodskap" word bedoel die oproep vanuit alle tradisies, vanaf basies alles wat nie ooreenstem en verbind is met God en met God se Woord nie (IIKor. 6: 14-18; Openb. 18:4).

Niemand kan dit ontken nie, dat die Christendom in 'n groot chaos is, in direkte babeloniese verwarring en gevangenisskap is en dat almal hul eie godsdienstige taal praat. Daarom word die volk van God nou uit alles gelei wat ons skei van God en van mekaar, en bring ons weer in ooreenstemming met die hele Woord. Elkeen wat uit God is, luister na God se stem en verstaan wat die Gees aan die gemeentes nou sê. Aan almal wat opreg soek, kan ek net ter wille van hul eie heil sê: ***"Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie"*** (Hebr. 4:7). Amen.

Amen beteken: Laat dit so wees.

Krefeld, Junie 2005!

Br. Frank

Daar is ook ander bybelonderwerpe van dieselfde skrywer, wat 'n blywende seën vir baie regoor die wêreld is, beskikbaar in 16 verskillende tale.

Talle preke van William Branham, is ook in verskeie tale beskikbaar, ingesluit Afrikaans. Ons sal graag op versoek 'n gids aan u stuur.

Laat u ook verras word deur die geestelike voedsel wat die getroue HERE en Verlosser vir ons voorberei het.


Sending sentrum
Posbus 100707
D-47707 Krefeld




Ewald Frank tydens 'n diens in Zurich


Telefoon: 02151/545151
Faks: 02151/951293

E-pos: volksmission@gmx.de of
E.Frank@frei-volksmission.de

Tuisblad: http://www.frei-volksmission.de


Ons plaaslike kontak:


Broeder Cecil Golden
Pretoria Mission Centre
P.O. Box 76222, Lynnwood Ridge, 0040. Pretoria. RSA.
Foon: +27-73-631-7762


© kopiëring is slegs toegelaat met geskrewe toestemming